24 JULIE 2025 | #1 467

# HUIS genoot

**SCARLETT SE DROOMROL**
Haar nuwe *Jurassic*-fliek – en die dollars waarvoor sy hárd moes baklei

**BAHAMAS-SEILJAGMOORD**



Durban-vrou se kêrel oor die dag van haar dood


## 'N LAASTE OGGEND SAAM, EN TOE DIE SKOKVONDS IN DIE ENJINKAMER



**STEFAN LUDIK EN SY GESIN**

# 'N LEWE ONDER DIE NAMIBIESE STERRE

*Akteurspaar wys hul spruite en hoewe 6 jaar ná hul groot trek uit die kollig*




**CHRISTINA STORM SE PA OOR SY PAD MET OUD-BOK**

## 'TOE VRA JAMES SMALL MY HUILEND OM HOM TE VERGEWE . . .'

**DOOD OP DIE SPYSKAART**

PASTEITJIES MET GIF-SAMPIOEN – TOE IS 3 DOOD, EN SY TRONK TOE



**SINNER VS ALCARAZ**

Die geboorte van 'n nuwe titaniese tweestryd

**WILBUR SMITH SE WEDUWEE**

MY SWAARSTE VERLIES, EN HOE EK HOM WIL LAAT VOORTLEEF

R55 (BTW INGESLUIT) NAMIBIË N$60
30467
9 770018 708007

SÓ HET DIT GEBEUR





# HOOP UIT MY STRYD

Nadat hy op 17 onder die wiele van 'n trok beland het, is sy geliefdes telkemale aangeraai om hom te groet. Maar hy't oorleef, en dit word steeds as 'n wonderwerk beskou. Vandag gebruik hy dit as getuienis om ander hoop te gee

Deur **COLIN HENDRICKS**
Foto's: **CORRIE HANSEN**



Die fiets waarop Barend Liebenberg gery het toe die trok hom in 1992 getref het.

HET jy al die storie gehoor van die jong man van Porterville wat lank terug onder die wiele van 'n yslike vragmotor beland het?

Baie mense in dié geweste ken dit. Hy was maar 17, sê hulle. Daardie metaalgedierte het hom plat, plat, plat getrap.

Hy moes dood gewees het, sê party. Hy hét gesterf, vertel ander jou. Maar toe begin hy weer lewe.

Drie dekades lank gryp die ongeluk van daardie herfsmiddag in 1992 en 'n wonderwerk-oorlewing 'n gemeenskap aan.

Dit was die laaste dag van die skoolkwartaal Barend Liebenberg het op sy fiets geklim, op pad om iets by sy pa se werkplek te gaan haal.

In die hoofstraat, sê Barend vandag hier by sy huis op Malmesbury, het hy bewus geword van die groot trok agter hom. Hy't sy fiets teen die rand van die sypaadjie gestop en gewag vir die trok om eers verby te kom.

Die wiele is so groot, het hy gedink. Vier dubbelwiele aan elke kant van die lang, plat bak. Seker amper drie meter hoog.

En toe gebeur dit. Die vragmotorbestuurder het die sypaadjie "so kort gesny dat hy my teen die elmboog gestamp het," sê Barend. "Ek het op my rug geval."

Terwyl hy so lê, sien hy daardie groot wiele aankom en bedek sy kop met sy arms. "Toe ry daardie wiele woep, woep, woep, oor my. Dit het my plat gedruk op die grond. Soos 'n stuk rubber."

Sy lyf het soos vuur gebrand "en die bloed het in elke rigting gespat".

Hy was bewus van mense by hom, onthou hy, maar hulle stemme het ver geklink, en als het in stadige aksie gebeur. Soos in die flieks. "Ek't toe geweet ek gaan nou dood. Ek't myself hoor kreun, en toe's dit pikdonker."

Toe voel dit vir hom of hy in 'n doodskis lê. "Ek het vrede gehad," sê Barend. "Maar ek wou ook nie sterf nie. Ek het bly dink ek is dan so jonk, ek wou nog die lewe ervaar, nog trou en kinders hê."

Dit was asof hy bo sy eie liggaam sweef. "Vier meter bo my eie lyf," beskryf hy dit. "Ek was dood, ek kon myself op die teer sien lê."

Gedramatiseerde foto's (bo) wat hy destyds laat neem het, beeld dié prentjie presies uit.

Daar op die ongelukstoneel het iemand sy pa gaan haal. Hy onthou hy het sy stem gehoor. "Hy't gesê daar's nie hoop nie, my tandvleis is grys. My pa was 'n mediese dokter, hy ken lyke."

Maar sy pa was verkeerd. Barend hét oorleef. "Want die volgende oomblik was ek terug in my liggaam. Asof die Here my daarin teruggesit het."

Vandag, soveel jare later, vertel Barend nog sy verhaal van oorlewing – by tronke,



Gedramatiseerde foto's wat Barend destyds laat neem het, beeld die nadraai van die ongeluk uit.

skole, kerke. Hier en oorsee. Hy't 'n e-boek oor sy oorlewing geskryf en glo hy leef omdat hy 'n getuienis het om te deel.

Kom hy op Porterville, vra mense dat hy die storie weer en weer vertel. 'n Wonderwerk wat dekades lank bly hoop bring.

En hy doen dit graag. Ook vandag vir *Huisgenoot*.

DAARDIE groot wiele het verskriklike skade gedoen.

Die grootslagaar na sy bene is oopgeskeur en hy het "binne vyf minute vier liter bloed" verloor. Sy organe was geskeur, sou hy later hoor, "en herrangskik. My lewer was onder my bekken, my maag bo my diafragma."

Tydens noodoperasies, eers in die Paarl en toe Tygerberg, is penne in sy kop geplaas en gepoog om sy organe weer te kry waar hulle hoort. "Maar alles wat hulle vasgewerk het, het weer begin bloei."

Keer op keer is gesê hy gaan dit nie maak nie, hy gaan sterf.

Oplaas, ná 'n prosedure van vyf ure, was hy stabiel. "Maar dokters het gedink ek gaan moontlik verlam wees. Toe sê my pa hulle moet liewer die masjiene afsit."

Dokters het sy pa oorreed om 24 uur te wag, en toe verbeter sy toestand. Maar dit was net die begin van Barend se stryd om leef. "Met al die bloed wat ek verloor het, het ek geen immuniteit gehad nie."

Hy het sy gehoor gedeeltelik verloor. Tydens drie weke in die waakeenheid het hy komplikasies soos nier- en lewerversaking opgedoen, asook septisemiese skok. En telkens is sy geliefdes aangeraai om afskeid te neem.

"En keer op keer, het die Here my liggaam aan die lewe gehou," sê Barend.

Toe skeur sy slukderm en moes hy buisvoeding kry. "Ek het baie pyn gehad en die gewigsverlies was baie erg. Ek kon nie praat nie." ➤



Barend het 'n grusame ongeluk oorleef en deel deesdae sy storie om ander mense te inspireer.



https://visualword.art/interviews/
WhatsApp: +27 426 2987



2 MAANDE NÁ DIE ONGELUK



11 MAANDE NÁ DIE ONGELUK



◄ Op 'n kol het hy net 39 kg geweeg. Weens al die tyd wat hy in die bed deurgebring het, het hy ook druksere op sy lyf gekry. Maar ná drie maande in die hospitaal en "sewe tot tien groot operasies" het hy begin regkom. Sy spiere was verswak, maar danksy fisioterapie kon hy eindelik weer regop staan: "Dit was 'n skok!"

Omdat albei sy ouers medici was, is hy toegelaat om tuis verder aan te sterk. Ses maande ná die ongeluk was hy terug op 'n fiets. Elf maande nadat sy pa op die ongelukstoneel gedink het hy is dood, het hy die Argus-fietstoer gery.

"Ek het nooit gedink ek sou herstel nie, maar die Here het my nuwe krag gegee."

Sy matriekjaar het hy die volgende jaar voltooi en daarna elektroniese ingenieurswese gaan studeer. Maar op kampus het Barend gesukkel om aan te pas en ná ses maande opgeskop.


"Ek het baie trauma gehad, maar dit eers nie besef nie. Omdat my liggaam so vinnig herstel het, het ek gedink ek is heel oukei. Die trauma en skok het later gekom."

Hy was dikwels gespanne of emosioneel, soms verward en gedisoriënteerd. In die mensegedrang van winkelsentrums het hy dronk gevoel.

"Dit was weens die gehoorverlies, ek kan nie in groepe hoor nie. Ek wou net op my eie wees. Ek het toe my sosiale lewe kortgeknip en 'n alleenpad geloop."

VANDAG is Barend (50) se lewe danksy terapie weer voller. Hy het sy ingenieurstudies voltooi en is die pa van drie kinders. Hy spreek groot groepe toe en het 'n biografiese boek geskyf.

"Ek deel daagliks my getuienis omdat ek geroep voel om dit te deel," sê hy. "Baie is geskok, veral wanneer ek vertel dat ek dood was. Dit gee mense hoop – om te weet jy kan uit enigiets opstaan."




Barend se gehoor het nooit volkome herstel nie, maar hy kom sonder 'n gehoortoestel klaar en benodig geen behandeling meer nie. Die geskeurde slukderm pla egter nog. "Ek moet skuins slaap. Nietemin is ek dankbaar. Ek's gesond en my organe funksioneer weer."

En ja, geestelik is hy gesond – al dra hy nog die uiterlike letsels van daardie ongeluk soos groot wielspore oor sy middellyf.

Hy woon deesdae in Malmesbury, maar keer soms terug Porterville toe.

Toe hy sy gesig destyds die eerste keer hier wys ná sy ontslag uit die hospitaal, het dit 'n beroering onder die dorpenaars veroorsaak. "Hulle het heeltyd gehoor ek is dood, dan weer dat ek lewe," sê hy.

BO: Barend wys die letsels oor sy bolyf. LINKS BO: Sy briefie aan sy ouers ná die ongeluk.

"So, toe hulle my weer sien, het mense letterlik in hul spore gevries. Asof hulle 'n spook sien. Tot vandag toe praat mense daaroor."

Hy glo sy ongeluk het sy lewe verander. "Als is 'n wonderwerk. Ek het 'n groter waardering vir my liggaam en gesondheid."

Daarenteen is die trok wat oor hom gery het nou 'n wrak op 'n plaas naby Porterville. Hy het laasjaar daarna gaan kyk.

"Ek't foto's van my daarby, dis soos 'n trofee. Dit bring nie trauma terug nie, dit bring waardering. Dis 'n riem onder die hart."

Terwyl daar foto's geneem word in die straat waar hy nou woon, sê Barend uit die bloute: "Hier's baie trokke in hierdie dorp . . . Mens hoor hulle, nè?" ❑



"Dis soos 'n trofee," sê hy oor die wrak van die trok wat hom in 1992 getref het.

VERSKAF